

## Die Woord van God is lewend en kragtig (OP85)

Heb 4:11-13

17 April 2022

Oor die loop van die laaste paar weke het ons na Heb 3 en 4 gekyk. Heb 3:1 het begin met die oproep dat die heilige broers, en dus ons as gelowiges, noukeurig moet let op Jesus. Ons is spesifiek daarop gewys dat ons moet let op Jesus as die Apostel en Hoëpriester van die geloof wat ons bely. Ek het toe die opmerking gemaak dat die res van Heb 3 tot by Heb 4:13 handel oor die Seun as Apostel. Vandag wil ek stilstaan by Heb 4:11-13, en dit is dus die afsluiting van die gedeelte wat handel oor die Seun as Apostel, oftewel as Profeet. In Heb 3:2-6 het ons geleer dat die Seun meer heerlijkheid waardig is as Moses – al was Moses dié profeet in die Ou Testament. Daardie gedeelte het afgesluit met ons is die huis – maar dan moet ons vashou aan ons geloof en hoop. In Heb 3:7-19 het ons geleer van die feit dat God 'n eed afgelê het dat die grootste deel van die volk nie die beloofde land sou ingaan nie a.g.v. hulle harde harte. Die Hebreërskrywer het dit toegepas op sy lesers en hulle opgeroep dat hulle mekaar elke dag moet aanspoor solank daar nog 'n vandag is om seker te maak hulle almal volhard end-uit. Laasweek het ons in Heb 4:1-10 geleer dat God se belofte van rus steeds van krag is – selfs vandag nog, want die belofte vorm deel van die evangelie, dit is deel van die skeppingsordonansies en God herhaal hierdie belofte herhaaldelik deur die loop van die geskiedenis. In hierdie gedeelte was daar 'n oproep dat ons moet vrees dat ons nie dalk sal agterbly wanneer hierdie belofte van rus in vervulling gaan nie.

Ek hoop jy sien die dringende oproepe raak wat deur hierdie gedeelte na vore kom:

- Heb 3:1 – Let noukeurig op Jesus, die Apostel en Hoëpriester van julle geloof
- Heb 3:13 – Solank daar nog 'n vandag is moet julle mekaar elke dag aanspoor sodat niemand van julle verhard word nie
- Heb 4:1 – Julle moet vrees dat julle nie agterbly wanneer die belofte in vervulling gaan nie

En nou kom ons by Heb 4:11 en ons vind weereens 'n oproep: “Laat ons ons dan beywer om in daardie rus in te gaan, sodat niemand hulle voorbeeld van ongehoorsaamheid navolg en ook omkom nie”. Vier dringende oproepe: Let noukeurig op Jesus! Spoor mekaar elke dag aan! Vrees dat julle nie agterbly nie! Beywer julle om in te gaan! Duidelik is hierdie saak dringend vir die skrywer en dus ook vir die Heilige Gees. Hoekom soveel dringende oproepe? Enersyds omrede die Heilige Gees ons wil herinner waarheen God op pad is: Hy is op pad na die rus wat Hy van die begin af in gedagte gehad het. God wil dat baie in daardie rus moet deel. Maar God wil ook baie duidelik maak dat nie almal daarin gaan deel nie. Dit is alleen die wat enduit deelgenote van die Seun is, wat daar sal ingaan – daarom let op Jesus! Daarom, let op na jou broers dat hulle nie dalk agterbly nie! Daarom let op met vrees na jouself dat jy nie dalk agterbly nie! En nou kom vers 11 en voeg by: Beywer jou om in die rus in te gaan!

Kan ek jou herinner aan wat destyds gebeur het by Kades Barnea toe die volk op die punt gestaan het om die beloofde land, oftewel die rus, in te gaan. Jy kan daarvan gaan lees in Num 13 en 14. Twaalf verkenners het die land gaan verken, maar net twee van hulle het 'n positiewe verslag gegee van die land, die ander tien het die volk oortuig om nie die land in te neem nie. Die gevolg was dat die volk besluit het hulle wil eerder terug gaan Egipte toe met 'n ander leier as Moses. Moses, Aäron, Josua en Kaleb het by die volk gepleit om nie in opstand te kom nie, maar om eerder wel die land te gaan inneem. Die volk se reaksie was egter om Josua en Kaleb met klippe te wou doodgooi. Gevolglik het die Here die eed afgelê dat hulle beslis nie in die land sou ingaan nie, en Hy het 'n plaag onder die volk gestuur. Die tien verkenners het gesterf. Toe Moses vir die volk vertel het wat die Here

besluit het, het hulle begin kerm en huil – en ons lees in Num 14:40 “die more vroeg” het hulle opgetrek om wel die beloofde land te gaan inneem. Maar dit was te laat – die Here het reeds besluit hulle sal nie ingaan nie, en hulle is deur die Amalekiete en Kanaäniete verslaan.

Sien jy hoe naby hulle was om in die rus in te gaan? Hulle was op die grens van die beloofde land. Hulle was net een dag laat in hulle besluit om die land in te neem! As hulle die vorige dag geluister het, kon hulle ingegaan het. Maar hulle het ‘n dag te laat tot hulle sinne gekom. Sien jy die punt en die ooreenkoms met Heb 3 en 4?

- Hulle moes noukeuriger gelet het op Moses, soos wat ons noukeurig moet let op Jesus.
- Hulle moes mekaar aangespoor het om die land in te neem – Moses, Aäron, Josua en Kaleb het hulle bes gedoen, maar dit was nie genoeg nie. Sien jy hoekom die broers mekaar moet aanspoor – vandag nog, en solank daar nog ‘n vandag is. Die volk was een dag te laat!
- Die volk het nie op die regte manier gevrees om in te gaan nie – hulle het die reuse in die land gevrees. Hebreërs leer ons ons moet ‘n ander vrees hê: ‘n respekvolle vrees om in God se rus in te gaan, en daarmee saam ‘n vrees dat ons nie dalk weens roekeloosheid soos die volk nie sal ingaan nie.
- Die volk het hulle beywer om eerder na Egipte toe terug te gaan onder ‘n ander leier. Hebreërs leer ons ons moet ‘n ander ywer hê as hulle – ons moet ons beywer om wel die rus in te gaan.

En dit is hoekom hier soveel klem geplaas word daarop dat ons seker moet maak om wel in die rus in te gaan.

Vergelyk die oproep in Heb 4:1 met die oproep in Heb 4:11. In vers 1 is die oproep dat ons moet vrees dat ons nie dalk gaan agterbly nie. Die realiteit is egter dat teen die tyd dat jy uitvind jy het agtergebly, is dit te laat – juis daarom moet jy vrees. Daarteenoor kom vers 11 en sê ons moet ons beywer om wel in te gaan, m.a.w. ons moet pro-aktief optree om seker te maak ons gaan wel in. As ons lees ons moet ons “beywer”, dan is dit tog duidelik: ons moet iets doen, en ons moet dit met ywer doen, ons moet dit met doelbewuste toewyding doen. Ons leer hier dat ons as gelowiges ‘n verantwoordelikheid het wat ons met ywer moet nakom as ons in die rus wil ingaan. Nou kan jy redeneer: maar leer Ef 2:8-9 dan nie dat ons uit genade gered word deur die geloof en nie deur eie verdienste nie, en dus nie deur iets wat ek doen nie? Ja, natuurlik. Dit is hoe jy geregverdig word. Dit is hoe die volk uit Egipte verlos is. Maar hulle moes nog steeds die land gaan inneem. Natuurlik sou God met hulle wees wanneer hulle die land sou inneem – maar hulle moes dit nog steeds gaan inneem. Ons word nie gered om passief te wees nie. Ons word nie deur ons dade gered nie, maar ons word wel tot dade gered.

Lees saam met my 2 Pet 1:3-7. Vers 3 leer dat God ons alles geskenk het wat ons nodig het om Hom te dien – in Hebreërs se taal om die rus in te gaan. Ons kry dit deurdat ons Hom ken wat ons geroep het – in Hebreërs se taal deur noukeurig te let op Jesus. Vers 4: In die proses het Hy aan ons die kosbaarste en grootste belofte gegee – ons kan die wêreld ontvlug en deel kry aan die Goddelike natuur – in Hebreërs se taal ons kan deel kry aan God se rus. En dan kom vers 5 en sê: En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met... – in Hebreërs se taal daarom moet julle julle beywer. Lees nou 2 Pet 1:10-11 – as ons ons beywer om deur ons lewens te bewys dat God ons geroep en verkies het, dan sal daar vir ons vrye en feestelike toegang wees tot die ewige koninkryk van ons Here en Verlosser, Jesus Christus – in Hebreërs se taal: dan sal ons vrye en feestelike toegang tot die rus hê.

Kom ons gaan nou terug na Heb 4. Heb 4:11 gee ons dus die opdrag: “Laat ons ons dan beywer om in daardie rus in te gaan”. In 2 Pet 1 het ons iets gesien van hoe daardie ywer moet lyk. Maar wat is die Hebreërskrywer se perspektief op hierdie ywer wat ons moet hê. Verse 12-13 gee hierdie perspektief.

### Die Woord van God (Heb 4:12)

Vers 12 begin met die woord “want” (ongelukkig het die NAV dit weggelaat). Hier word dus ‘n rede gegee vir die oproep tot ywer om in die rus in te gaan. Koms ons kyk eers inhoudelik na verse 12-13, voordat ons die argument van die skrywer probeer verstaan.

Duidelik handel vers 12 oor die Woord van God, oftewel oor die Bybel. In Joh 1:1 leer ons dat die Seun die Woord is. Enersyds is Hy die inhoud van die Woord. Andersyds is Hy die Woord, want in die Woord maak God Homself bekend, en dit is ook die Seun wat die Vader aan ons kom bekend maak – Hy is immers die ewebeeld van die wese van God. Dit is in lyn met Heb 3:1 dat die Seun die Apostel of Profeet is van die geloof wat ons bely – dit is tog die rol van die profeet om God se wil bekend te maak. Dit is hoekom ons gesê het Heb 3:1-4:13 handel oor Jesus as die Apostel.

In vers 12 lees ons van verskeie eienskappe van die Woord. Ek wil dit onder drie hoofde bespreek: die Woord is (1) lewend, (2) kragtig en (3) skerper as enige tweesnydende swaard.

- Die Woord is lewend: As die Woord lewend is, beteken dit die Woord is nie dood nie. Die Woord is nie ‘n dooie geskiedenis boek nie – alhoewel dit baie geskiedkundige feite bevat. Die Woord is nie ‘n dooie filosofie boek nie – alhoewel dit baie filosofiese argumente bevat. Die Woord is nie ‘n dooie boek met riglyne waarvolgens jy moet lewe nie – alhoewel dit baie riglyne bevat waarvolgens jy moet lewe. Nee, die Woord is lewend!

Dit is lewend in die sin dat dit verhewe bo tyd is. Die Bybel was relevant in die eerste eeu na Christus, en dit is steeds relevant in die 21ste eeu. Netsoos dit die vraagstukke van destyds kon aanspreek, spreek dit ook die vraagstukke van vandag aan. Ons vind in die Bybel die beginsels waarvolgens ons sin kan maak uit die covid-19 pandemie. Ons vind in die Bybel beginsels waarvolgens ons die humanistiese lewenswyse van ons tyd kan beoordeel.

Maar, die Woord is baie meer as dit: Die Woord is die instrument waardeur God lewe skep, en dan spesifiek geestelike lewe. Kan ek jou herinner aan daardie vallei vol dooie bene in Eseg 37 vir wie Esegiël moes gaan profeteer, oftewel aan wie Esegiël God se Woord moes bring. Die gevolg was toe die Woord aan hulle verkondig is, skarrel die dooie bene na mekaar toe, toe kom daar vleis aan die bene, en eventueel begin die bene lewe. Die Woord van God is lewend.

1 Pet 1:23 vat dit saam: “Julle is immers weergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad: die lewende en ewige Woord van God.” God bewerk geestelike lewe deurdat die Heilige Gees deur die Woord werk.

- Die Woord is kragtig: Dit loop natuurlik hand aan hand met die feit dat die Woord lewend is. Om geestelike lewe te kan skep, moet die Woord kragtig wees. Ons lees in Jes 55:11 “So sal die woord wat uit my mond kom, ook wees: dit sal nie onverrigter sake na My toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit gestuur het.” Ons sien dit reeds in Gen 1 toe God gepraat het, en die ganse skepping het tot stand gekom – presies soos wat God dit wou hê. Ons sien God se Woord is kragtig as Hy ‘n eed aflê dat die eerste geslag van die volk nie die beloofde land sou inneem nie, en hulle oor die loop van 38 jaar in die woestyn sterf. Ons sien genadiglik ook dat God se Woord kragtig is toe Hy gesê

het die tweede geslag sal wel die land inneem, en na 40 jaar in die woestyn het hulle. Dit is omdat God se Woord kragtig is dat ons steeds verseker mag wees van die belofte van rus.

- Die Woord is skerper as enige tweesnydende swaard: Die feit dat die Woord 'n swaard is, beteken dit kan sny. Dat dit 'n swaard met twee snykante is, beteken dit kan sny na twee kante toe: dit kan sny om lewe tot gevolg te hê – soos vir die tweede geslag, of dit kan sny om dood tot gevolg te hê – soos vir die eerste geslag. Maar ons lees die Woord kan werklik fyn sny – die Woord kan skeiding bring tussen siel en gees, tussen gewrigte en murg. Ek vind aanklank by hoe AW Pink die skeiding tussen siel en gees verduidelik. Hy sê: Ons as mense het 'n gees, 'n siel en 'n liggaam:
  - Gees: ons gees stel ons in staat om God te ken, om Goddelike dinge te kan begryp en waardeer, om dinge te doen tot Sy eer. Byvoorbeeld in Rom 1:9 (OAV) sê Paulus: “Want God wat ek in my gees dien in die evangelie van Sy Seun, is my getuie”, of in 1 Kor 14:14 sê hy: “want as ek ongewone tale of klanke gebruik wanneer ek bid, dan bid my gees”. Godsdiensoefening is 'n geestelike handeling.
  - Siel: ons siel is die setel van ons emosies en die bewussyn van onself. Byvoorbeeld lees ons in 1 Sam 18:1 (OAV): “En nadat hy sy gesprek met Saul beëindig het, het die siel van Jonatan verkleef geraak aan die siel van Dawid, en Jonatan het hom liefgeky soos sy eie siel”, of in Gen 42:21 lees ons dat Josef se broers erken hulle kon die benoudheid van sy siel gesien het toe hy hulle gesmeek het.
  - Liggaam: ons liggame is die setel van ons fisiese bewussyn en behoeftes, asook ons sintuie.

Ons fokus vir nou op die siel en gees. As iemand 'n gelowige is, is daar 'n duidelike onderskeid tussen sy gees en sy siel. Sy gees is gerig op God, wat natuurlik ook 'n invloed het op sy siel, en dus byvoorbeeld op hoe hy sy emosies bestuur. Maar wanneer iemand nie geestelik lewe nie, verval die geestelike dimensie tot op die vlak van die siel – daar is nie meer 'n onderskeid te maak tussen sy siel en gees nie, o.a. beteken dit sy gees beheer nie meer sy emosies nie. Die punt van vers 12 is nou dit: die Woord is soos 'n swaard wat so fyn kan sny dat dit onderskeid kan maak tussen die siel en die gees. Jy kan die Woord gebruik om vir jou te wys of jou gees onderskeibaar is van jou siel – en dus of jy geestelik lewe. Hoe doen jy dit? Jy bestudeer die Woord, waaruit jy kan leer wat God verwag van iemand wat geestelik lewe. En dan vergelyk jy jouself daarmee. Dan kan jy sien of jou gees (m.a.w. jou diens aan God) of jou siel (m.a.w. jou bewussyn van jouself) jou lewe en jou emosies beheer. Die groot bemoediging is dat as jy dit doen, en as jy sou vind dat daar nie die nodige onderskeid tussen jou gees en siel is nie, m.a.w. dat jou lewe nie geestelik beheer word nie, maar wel deur jou eie emosies en jou eie belange, dan is dit dieselfde Woord van God wat lewend en kragtig is wat wel geestelik lewe in jou kan werk onder die leiding van die Heilige Gees! Die Woord is die instrument wat jou kan wys of jy geestelik gesond is, en dit is ook die instrument wat God gebruik om geestelik lewe te wek.

Vers 12 gaan dan nog 'n stap verder, en voeg by dat die Woord as daardie skerp swaard wat so indringend kan sny, kan nie net aan die lig bring hoe die dinge wat jy doen, vergelyk met God se verwagting nie, dit kan selfs jou bedoelings en gedagtes agter hierdie dade wys, m.a.w. wys wat jou motiveer om te doen wat jy doen. Dink byvoorbeeld aan die bergpredikasie waar Jesus geleer het om iemand te vermoor of om net vir iemand sonder rede kwaad te wees en uit te skel as 'n gek of 'n idioot, het dieselfde bedoelings in die hart, en is beide strafbaar. Dit is selfs moontlik dat ons goeie dinge doen, maar met 'n verkeerde

bedoeling: byvoorbeeld ek help iemand in nood, met die bedoeling dat ek eer sal ontvang oor my goeie daad.

Kan ek opsom: Vers 12 leer dat die Woord die instrument is waardeur God geestelike leweskaping. Die Woord is so kragtig dat dit altyd bereik waarvoor God dit gebruik. Nie net skep die Woord lewe nie, maar dit kan gebruik word om te bepaal of daar geestelike lewe is, en ook om uit te wys waar daar tekortkominge is, selfs tot by die beoordeling van die motiverings agter daad.

Vers 13 vloei logies voort uit wat vers 12 gesê het: As God se Woord selfs die bedoelinge en gedagtes van die hart kan blootlê, is dit net logies dat God dan ook bewus sal wees van die bedoelings en gedagtes van die hart agter elke daad. En dan is die logiese gevolg hiervan dat God insae het in alles wat in die skepping gebeur en waarmee elke skepsel op aarde besig is – dit lê alles oop en bloot voor God. Vers 13 sluit af met: “En aan Hom moet ons rekenskap gee”. Natuurlik is dit iets wat geneig is om ons ongemaklik te laat: God sien alles, Hy sien selfs wat die motivering in my hart is agter my daad – en boonop gaan ek aan Hom rekenskap moet gee. Omdat God in elk geval alles weet, gaan ek niks kan wegsteek of verdoesal nie.

Kom ons staan nou terug en kyk na die argument van die Heilige Gees deur die Hebreërskrywer in verse 11-13. In vers 11 is daar die ernstige oproep dat ons ons moet beywer om wel in die rus in te gaan. Die vraag is egter: hoe doen ek dit? Hoe beywer ek my om in die rus in te gaan? Vers 12 begin met die woord “want”. In vers 12-13 word vir ons die rede gegee hoekom ons ons moet beywer: die rede is – want God gaan oordeel. Die hele argument vanaf Heb 3:7 was tog dat nie alle mense deel gaan wees van God se rus nie. Net die wat end-uit volhard in die geloof. Net die wat end-uit deelgenote is aan Christus. Die oproep was herhaaldelik dat ons seker moet maak ons en ons broers sal wel deel in die rus. Maar hoe gaan God besluit wie gaan wel daarin deel? Hy gaan oordeel. En onthou: niks is onsigbaar vir God nie – Hy sien alles oop en bloot. Ons kan dus verwag dat Hy reg sal oordeel. Maar hoe gaan God oordeel? Wat gaan Sy maatstaf wees? As ek insae kan hê in hoe God gaan oordeel, dan kan ek begin om te verstaan hoe ek my moet beywer om wel in die rus in te gaan. Wel, die boek Openbaring vertel vir ons hoe Hy gaan oordeel – trouens dit vertel vir ons hoe God nou alreeds oordeel op pad na die finale oordeel toe en ook hoe Hy in die finale oordeel gaan oordeel:

- In Op 2:12 lees ons van die Seun wat die gemeente in Pergamum oordeel – en die Seun word beskryf as die Een wat die skerp swaard met die twee snykante het. En dan beskryf die Seun enersyds Pergamum se volharding in die geloof as prysenswaardig, maar die teenwoordigheid van afgodery en onsedelikheid in hulle midde as iets waarvan hulle hulle moet bekeer. Watter maatstaf het Hy gebruik om die gemeente te oordeel? Die Woord, die swaard met die twee snykante.
- In Op 19 lees ons van die Ruiters op die wit perd. Dit is natuurlik ‘n beskrywing van die Seun, en spesifiek ‘n beskrywing van die finale oordeel. In Op 19:15 lees ons: “Uit sy mond het daar ‘n skerp swaard uitgekome om die nasies mee te tref.”

Die Seun gebruik dus die Woord as maatstaf wanneer Hy oordeel. Natuurlik is dit ‘n goeie maatstaf om te gebruik – want dit is so skerp dat dit die onderskeid kan maak tussen die werke van die gees en die werke van die siel, dit is so indringend dat dit selfs die bedoelings en die gedagtes kan blootlê.

Hier is nou die punt: Die oproep is ons moet ons beywer om in die rus in te gaan. Wie sal in die rus ingaan? Die wat in die oordeel gaan uitstaan as die wat volgens die Woord aan God se standaard voldoen. En hier is die wonder: Ons het daardie Woord. Uit die Woord weet ons presies wat God se

verwagting in die oordeel gaan wees. As ek my dus wil beywer om in die rus in te gaan, maak dit net logies sin dat ek my sal beywer om God se Woord te bestudeer en daarvolgens te leef. En hier is nog 'n groter wonder: Hierdie Woord is nie net 'n swaard wat oopsny en blootlê nie – nee, dit is boonop lewend en kragtig! Want sien – as jy hierdie Woord met integriteit gebruik, gaan dit jou oortuig jy skiet ver tekort, jy staan geen kans om in die rus in te gaan nie. Nie net gaan jy sien die regte dade ontbreek nie, jy gaan boonop sien dat die bedoelings en gedagtes van jou hart is misplaas. Maar hierdie selfde Woord gaan jou ook leer hoe om by geestelike lewe te kom. Hierdie selfde Woord gaan jou leer van wedergeboorte, bekering, geloof, regverdigmaking, heiligmaking en op die ou end heerlikmaking wat eindig in die rus. Hierdie selfde Woord gaan jou leer van Jesus die Hoëpriester wat dit alles bewerk het – trouens dit is wat volg vanaf vers 14! Hierdie Woord gaan jou leer hoe God dit alles bewerk, en wanneer jy gerus kan wees dat jy wel deel gaan wees van die wat die rus sal ingaan. Maar dan moet jy jou beywer om hierdie Woord te bestudeer, om jou te onderwerp aan wat dit jou leer en om jou gereeld te meet aan wat God verwag.

Die Seun is voorwaar die Apostel van die geloof wat ons bely. Hy is die ware Profeet wat God se wil aan ons kom bekend maak – Hy is die Woord van God.